WEEK 49

08 Desember 2023

TEGNIESE- EN BEMARKINGSVERSLAG GRANATE

Die toestand in die Kaapstad hawe het die afgelope twee weke baie verbeter. Tans loop alles redelik op skedule. Die Santa Teresa het net 2 dae laat vertrek weens kortstondige vertragings as gevolg van wind. Die aanduiding is dat die volgende twee bote ook min of meer op skedule gaan wees. Die windseisoen lê nou voor in Kaapstad, so korttermyn veranderinge kan wel in die skedules verwag word.

In Durban is die toestande egter nog redelik beroerd. Alles alles reg loop behoort die agterstand teen einde Februarie weggewerk te wees. Teen daardie tyd is ons al goed aan die gang met granate, so ons sal moet sien hoe dinge oor die volgende maand of wat verloop. Dalk sal die eerste Midde-Ooste granate vanuit Limpopo eerder uit die Kaap gelaai moet word en nie uit Durban nie.

Die situasie in Gqeberha is ook nog ver van genormaliseerd, so op die stadium is dit nie ‘n opsie nie.

Die seisoen kom mooi aan en die eerste Angel Red sal in week 1 of 2 gepak word, gevolg deur Wonderful in week 5 of 6. Die grootste “probleme” wat ons op die stadium opmerk, is die hoë insekdruk in meeste gebiede en waterspanning wat voorkom as gevolg van die droë weersomstandighede en hoë temperature.

Wees asseblief baie versigtig met die bestuur van peste en plae. As die druk so hoog is, is dit beter om ‘n voorkomende beheerstrategie te volg en nie ‘n reaktiewe bestuurstrategie nie. Net so met water. Moenie nou agter raak met die besproeiing nie. As die ondergrond eers uitgedroog het, gaan dit baie moeilik opgevang word.

Wat die markte betref lyk alles op die stadium nog goed. Ons is ver gevorder met die vasmaak van programme en pryse. Alles dui daarop dat Peru se volumes af is en enkele kliënte het ons alreeds genader om Peruviaanse volumes te vervang. Met Peru weet mens egter nooit. Dinge kan vining verander as die seisoen eers op hande is.

Sterkte met die seisoen.

Groete.

Sapex Span.